NASIONALE INSTRUKSIE 3/2008

SEKSUELE MISDRYWE

1. Agtergrond

Die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007) skep 'n raamwerk om te verseker dat omvattende en doeltreffende beskerming aan *slagoffers* van *seksuele misdrywe* verleen word. Die doel van hierdie Nasionale Instruksie is om te verseker dat lede 'n professionele diens lewer aan *slagoffers* ten opsigte van die ondersoek van misdrywe van hierdie aard en om in hierdie verband *slagoffers* by te staan.

2. Woordomskrywings

In hierdie Instruksie, tensy uit die konteks anders blyk, beteken —

(a) ***"belanghebbende persoon",*** enige persoon wat 'n wesenlike belang in die welstand van 'n *slagoffer* het, wat insluit 'n gade, permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag, ouer, voog, familielid, sorggewer, kurator, berader, *geneesheer*, gesondheidsorgvoorsiener, maatskaplike werker of onderwyser of onderwyseres van so 'n *slagoffer*;

(b) ***"die Wet"***, die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007);

(c) ***"geneesheer"***, 'n persoon wat ingevolge die Wet op Gesondheids-beroepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974) as 'n geneesheer geregistreer is, en wat, vir doeleindes van artikel 33 van *die Wet*, gemagtig is om bloedmonsters soos beoog in Hoofstuk 5 van *die Wet* te neem;

(d) ***"professionele gesondheidsversorger"*** die distriksgeneesheer of persoon wat deur die Departement van Gesondheid aangestel is om 'n *slagoffer* van 'n *seksuele misdryf* medies te ondersoek;

(e) ***"kind"*** 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

(f) ***"misdaadtoneel"*** die plek, insluitende, waar toepaslik, die voertuig of vaartuig waarby of waarin 'n beweerde *seksuele misdryf* gepleeg is;

(g) ***"ondersoekbeampte"*** 'n lid van die Diens wat aangewys is om die klagte van 'n *seksuele misdryf* te ondersoek. Indien geen lid al as sodanig aangewys is nie, die lid of speurder wat op bystand is. Indien die *slagoffer* van die misdryf 'n *kind* is, mag slegs 'n lid wat deur die GKS- eenheid opgelei is, as *ondersoekbeampte* aangewys word;

(h) ***"openbare gesondheidsinstelling"***, 'n plek (soos uiteengesit in Aanhangsel A) wat deur die Minister van Gesondheid aangewys is om *PEP* aan *slagoffers* te voorsien en om verpligte MIV-toetsing uit te voer;

(i) ***"PEP"***, Na-Blootstellingsprofilakse, wat mediese behandeling is om die risiko van MIV- infeksie te verminder;

(j) ***"seksuele misdryf"*** enige misdryf wat in Aanhangsel B vermeld word;

(k) ***"slagoffer"*** 'n persoon, ongeag geslag of ouderdom, wat beweer dat 'n *seksuele misdryf* teen hom of haar gepleeg is; en

(l) ***"verpleër of verpleegster"*** 'n persoon wat ingevolge die Wet op Verpleging, 2005 (Wet No. 33 van 2005) as sodanig geregistreer is en wat, vir doeleindes van artikel 33 van *die Wet*, gemagtig is om bloedmonsters, soos beoog in Hoofstuk 5 van *die Wet*, te neem.

3. Verantwoordelikheid van Stasiekommissaris

(1) Elke Stasiekommissaris moet met plaaslike verteenwoordigers van die Departement van Gesondheid, (insluitende verteenwoordigers van *openbare gesondheidsinstellings* wat binne die stasiewyk is (waarna in Aanhangsel A verwys word)), die Departement van Welsyn, die plaaslike Gemeenskapspolisieforum en enige ander relevante plaaslike instansie skakel om plaaslike organisasies te identifiseer wat bereid en in staat is om berading en ander ondersteuningsdienste (insluitende mediese behandeling) aan *slagoffers* te voorsien.

(2) Nadat die organisasies bedoel in subparagraaf (1) geïdentifiseer is, moet die Stasiekommissaris met die genoemde organisasies skakel om te bepaal –
(a) watter bepaalde dienste deur elkeen verskaf word;
(b) of die dienste na-ure, tydens naweke en op openbare vakansiedae verskaf word en, indien wel, die na-ure kontakbesonderhede wat gebruik kan word om toegang te verkry tot die dienste;
(c) of die dienste gratis of teen 'n fooi verskaf word; en
(d) die kontakbesonderhede van elkeen.

(3) Die Stasiekommissaris moet 'n lys van die relevante organisasies saamstel en, rakende elke organisasie, minstens die inligting waarna in subparagraaf (2) verwys word, daarby insluit, asook inligting rakende hospitale, ambulansdienste en *professionele gesondheidsversorgers* wat gekontak kan word om mediese behandeling aan *slagoffers* te verskaf.

(4) Die oorspronklike lys bedoel in subparagraaf (3), moet deur die Stasiekommissaris bygehou word en hy of sy moet dit minstens eenmaal elke ses maande opdateer.

(5) Die Stasiekommissaris moet verseker dat 'n afskrif van –
(a) die *Wet*;
(b) die Regulasies wat ingevolge daarvan uitgevaardig is;
(c) hierdie Nasionale Instruksie;
(d) die stasie orders wat deur hom of haar ingevolge subparagraaf (6) uitgevaardig is; en
(e) die lys waarna in subparagraaf (3) verwys is,
ten alle tye in die Gemeenskapdienssentrum beskikbaar is en dat 'n afskrif van die lys waarna in subparagraaf (3) verwys word, ten alle tye in elke polisievoertuig beskikbaar is wat by sy of haar stasie gebruik word om klagtes by te woon.

(6) Die Stasiekommissaris moet stasie orders uitvaardig wat, inaggenome die unieke omstandighede wat in sy of haar bepaalde stasiewyk heers, die beskikbare hulpbronne, ens. –

(a) van ‘n lid onder sy of haar bevel vereis om ‘n *slagoffer* in te lig van die dienste wat deur organisasies (vermeld in die lys) verskaf word en die manier waarop die *slagoffer* daarvan ingelig moet word (bv. deur die *slagoffer* van ‘n afskrif van die lys te voorsien of om die *slagoffer* toe te laat om die lys deur te lees of die inligting in die lys aan die *slagoffer* te lees);

(b) die stappe uiteensit wat deur so ‘n lid geneem moet word om, wanneer deur die *slagoffer* daartoe versoek, die *slagoffer* by te staan om toegang te verkry tot enige diens wat verskaf word deur ‘n organisasie vermeld in die lys, of om mediese behandeling, indien dit benodig word, te verkry; en

(c) in die algemeen, lede onder sy of haar bevel, opdrag gee oor enige ander onderwerp rakende die behandeling van *slagoffers* wat hy of sy, ten opsigte van sy of haar bepaalde stasiewyk, nodig ag.

(7) Waar die polisiestasiewyk deel vorm van ‘n groter area wat uit meer as een polisiestasiewyk bestaan en ‘n radiobeheereenheid is gestig om sodanige groter area te patrolleer en klagtes by te woon, moet elke Stasiekommissaris van ‘n stasie in sodanige groter area, vir inligtingsdoeleindes, die bevelvoerder van so ‘n radiobeheereenheid voorsien van ‘n afskrif van –

(a) die lys waarna in subparagraaf (3) verwys word en, wanneer hy of sy die lys opgedateer het, ‘n afskrif van die opgedateerde weergawe daarvan; en

(b) ‘n afskrif van die stasie orders wat ooreenkomstig subparagraaf (6) uitgevaardig is, en, indien hy of sy die orders wysig, ‘n afskrif van die opgedateerde weergawe daarvan.

(8) Die Stasiekommissaris moet toesien dat alle funksionele lede by sy of haar stasie indiensopleiding (ook by stasiebyeenkomste) ondergaan aangaande die *Wet*, die Regulasies, hierdie Instruksie en die stasie orders wat deur hom of haar uitgereik is.

4. Aanmelding van ‘n seksuele misdryf by ‘n polisiestasie

(1) Die beweerde pleging van ‘n *seksuele misdryf* word gewoonlik aangemeld deur —

(a) die *slagoffer* van die misdryf;

(b) ‘n familielid, vriend of kollega van die *slagoffer*; of

(c) ‘n persoon wat die pleging waargeneem het of inligting oor die pleging van die misdryf ontvang het.

(2) Die persoon wat die beweerde pleging van die misdryf aanmeld, doen dit gewoonlik vrywillig (behalwe in omstandighede waarna in subparagraaf (3) verwys) word en is derhalwe gewoonlik gewillig om alle inligting wat hy of sy het, aan die polisie oor te dra.

(3) (a) Ingevolge artikel 54(1) van *die Wet*, moet enige persoon wat daarvan kennis dra dat ’n *seksuele misdryf* teenoor ’n *kind* gepleeg is, sodanige kennis by ’n polisiebeampte aanmeld. Versuim om dit te doen, kom neer op ‘n misdryf en ‘n persoon is by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens vyf jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(b) Ingevolge artikel 54(2) van *die Wet*, moet enige persoon wat daarvan kennis dra of ’n redelike oortuiging of vermoede het dat ’n *seksuele*

misdryf teenoor 'n verstandelik gestremde persoon gepleeg is, sodanige kennis, oortuiging of vermoede by 'n polisiebeampte aanmeld. Versuim om dit te doen, kom neer op 'n misdryf en 'n persoon is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(4) 'n Persoon wat sy of haar —

(i) kennis dat 'n *seksuele misdryf* teenoor 'n *kind* of verstandelik gestremde persoon gepleeg is; of

(ii) redelike oortuiging of vermoede dat 'n *seksuele misdryf* teenoor 'n verstandelik gestremde persoon gepleeg is,

aanmeld as gevolg van die regsplig om dit ingevolge artikel 54 van *die Wet* aan te meld, kan dit soms doen weens vrees vir vervolging indien hy of sy versuim om dit te doen.

(5) Indien 'n persoon (waarna in subparagraaf (4) verwys word) sodanige kennis of sy of haar redelike oortuiging of vermoede by 'n polisiebeampte aanmeld, mag die lid wat die inligting ontvang onder geen omstandighede sodanige persoon wegwys nie. So 'n lid moet die inligting oorweeg en —

(a) indien die lid tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf inderdaad gepleeg is, 'n beëdigde verklaring van die persoon verkry wat die inligting insluit wat deur daardie persoon verskaf is, 'n dossier vir die ondersoek van die misdryf, wat na bewering gepleeg is, open en die dossier op die MAS-stelsel registreer; of

(b) indien die lid nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf inderdaad gepleeg is nie, met die Gemeenskapdienssentrumbevelvoerder konsulteer wat 'n volledige VB-inskrywing van die aanmelding moet maak, asook die redes waarom die bevelvoerder nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat so 'n misdryf inderdaad gepleeg is nie, en die nommer van die VB-inskrywing aan die persoon verskaf wat die aanmelding gemaak het. Die inskrywing moet voldoende besonderhede van die persoon, wat die aanmelding gemaak het, insluit sodat hy of sy opgespoor kan word en 'n onderhoud met hom of haar gevoer kan word indien dit nodig sou blyk te wees.

(6) Enige persoon wat die beweerde pleging van 'n *seksuele misdryf* teenoor 'n *kind* aanmeld, moet deur 'n lid op 'n professionele wyse hanteer word en moet gerusgestel word dat die aanmelding in 'n ernstige lig beskou word en deeglik ondersoek sal word.

5. Slagofferbystand

(1) Tydens die pleging van 'n *seksuele misdryf*, ervaar die *slagoffer* ernstige trauma. Dit is moeilik om aan enige ander misdryf te dink waartydens die liggaamlike en psigiese integriteit, privaatheid en menswaardigheid van 'n *slagoffer* terselfdertyd meer ernstig geskend word as tydens die pleging van 'n *seksuele misdryf*. Verder raak die pleging van 'n *seksuele misdryf* nie net die *slagoffer* alleen nie, maar ook sy of haar familie en persoonlike lewe. 'n Lid moet hierdie feit voortdurend in gedagte hou tydens sy of haar interaksie met die *slagoffer* en die familie of vriende van die *slagoffer*.

(2) Tydens die pleging van ‘n *seksuele misdryf* ervaar die *slagoffer* gewoonlik gevoelens van magteloosheid, hulpeloosheid en weerloosheid. Wanneer die misdryf by ‘n polisiebeampte aangemeld word, herleef die *slagoffer* die voorval en ervaar daardeur sekondêre trauma. Die sekondêre trauma word vererger indien die lid die onderhoud op ‘n ongevoelige wyse voer of die *slagoffer* onnodig aanraak. Aan die ander kant word sekondêre trauma verminder indien die *slagoffer* toegelaat word om ‘n persoon, van sy of haar keuse, ter ondersteuning teenwoordig te hê en hy of sy tydens die onderhoud gerusgestel word en die onderhoud gevoer word in ‘n omgewing wat, óf bekend is aan die *slagoffer*, óf vir die *slagoffer* gerusstellend is (wat die gevoel by die *slagoffer* skep dat hy of sy veilig is en dat wat hy of sy sê nie deur ander gehoor kan word nie en met vertroulikheid hanteer word).

(3) In die lig van bovermelde, is dit noodsaaklik dat die lid, by wie ‘n *slagoffer* die pleging van ‘n *seksuele misdryf* by ‘n polisiestasie aanmeld, —

(a) onmiddellik die *slagoffer* versoek om hom of haar na ‘n toepaslike area te vergesel, verwyderd van die hooftoonbank in die Gemeenskapdienssentrum en wat buite sig en hoorafstand is van persone in die Gemeenskapdienssentrum;

(b) die *slagoffer* gerusstel dat hy of sy nou veilig is en beskerm sal word. Indien die *slagoffer* en die beweerde oortreder in ‘n gesinsverhouding is, moet die lid die *slagoffer* ooreenkomstig die Nasionale Instruksie oor Gesinsgeweld inlig;

(c) vasstel of die *slagoffer* mediese hulp benodig en, indien wel, reëlings tref dat die *slagoffer* so gou as moontlik mediese hulp bekom;

(d) die *slagoffer* vra of hy of sy sal verkies om ‘n ander persoon teenwoordig te hê om hom of haar gedurende die onderhoud te ondersteun en, indien die *slagoffer* verkies dat sodanige persoon teenwoordig is, sodanige persoon toelaat om teenwoordig te wees om hom of haar gedurende die onderhoud te ondersteun;

(e) die *slagoffer* gerusstel dat hy of sy die regte ding gedoen het om die aangeleentheid by die polisie aan te meld en dat die aangeleentheid sensitief hanteer sal word en dat hy of sy nie onnodig aan verdere traumatisering blootgestel sal word nie;

(f) luister na wat die *slagoffer* sê, sonder om hom of haar in die rede te val en hom of haar gerusstel; en

(g) elke ding wat die *slagoffer* sê, neerskryf, aangesien dit getuienis kan wees wat die polisie in die ondersoek kan help (maak ondersoeknotas).

(4) Enige lid wat inligting ontvang dat ‘n *seksuele misdryf* na bewering teen enige persoon gepleeg is, moet altyd die inligting in ‘n baie ernstige lig beskou en moet onmiddellik daaraan aandag gee, ongeag hoe lank gelede (voor die inligting aangemeld is) die misdryf na bewering gepleeg is of in watter stasie se wyk dit na bewering gepleeg is. Geen *slagoffer* mag weggewys word bloot weens die feit dat die beweerde misdryf lank gelede plaasgevind het of na bewering in die stasiewyk van ‘n ander polisiestasie gepleeg is nie.

(5) Terwyl daar verklarings van die *slagoffer* en sy of haar familie verkry word, moet die lid ten alle tye op ‘n professionele wyse optree en sensitief wees teenoor die emosies van die *slagoffer* en sy of haar familie. Die lid moet geduldig wees met die *slagoffer* en hom of haar toelaat om te verduidelik wat gedurende die beweerde pleging van die misdryf gebeur het sonder om die *slagoffer* onnodig te onderbreek. ‘n Lid mag nooit bevooroordeeld wees tydens interaksie met die *slagoffer* nie, ongeag wat die omringende omstandighede van die misdryf is.

(6) Wanneer voldoende besonderhede van die *slagoffer* bekom is, moet ‘n dossier geopen, op die MAS geregistreer en ‘n beëdigde verklaring afgelê word waarin die volgende duidelik vermeld moet word:
- (a) die tyd en datum waarop die misdryf na bewering gepleeg is;
- (b) die plek waar die misdryf na bewering gepleeg is;
- (c) die aard van die beweerde misdryf;
- (d) die wyse waarop dit na bewering gepleeg is;
- (e) die eerste persoon aan wie die *slagoffer* die beweerde pleging van die *seksuele misdryf* gemeld het, voordat hy of sy dit by die polisie aangemeld het;
- (f) enige besonderhede aangaande die beweerde oortreder(s) wat van hulp kan wees om hulle te identifiseer en op te spoor; en
- (g) enige besonderhede aangaande moontlike getuies wat van hulp kan wees om hulle te identifiseer en op te spoor.

(7) Indien die *slagoffer* nie in staat is om ‘n samehangende verklaring te maak nie, moet ‘n dossier (staat soos per) geopen word, ‘n verklaring verkry word van enige persoon wat die *slagoffer* vergesel het en die *slagoffer* moet tyd gegun word voordat ‘n verklaring van hom of haar geneem word.

(8) Die lid moet, so gou as moontlik nadat die voorval aangemeld is, die *slagoffer* inlig van die —
- (a) saaknommer; en
- (b) besonderhede van die *ondersoekbeampte*.

(9) Die lid moet die *slagoffer* inlig van die prosesse wat daarna gevolg sal word en waarom die prosesse nodig is, ten einde die *slagoffer* in staat te stel om die prosedure te begryp en om vertroue by die *slagoffer* in te boesem dat die polisie die aangeleentheid op ‘n professionele wyse hanteer.

(10) Die *slagoffer* moet ingelig word van die belangrikheid om, so gou as wat redelikerwys moontlik is, ‘n mediese ondersoek te ondergaan. Die *slagoffer* moet ingelig word dat die ondersoek op staatskoste gedoen sal word en dat hy of sy daarop geregtig is om die *professionele gesondheidsversorger* wat die ondersoek doen, mediese advies te vra oor enige aspek van sy of haar gesondheid wat weens die beweerde *seksuele misdryf* geraak is.

(11) Die lid moet ook die *slagoffer* inlig van beskikbare dienste soos beoog in paragraaf 11(2)(b) (hieronder), asook oor die Getuiebeskermings-program. Die *slagoffer* moet ook, op ‘n gereelde basis, van die vordering met die ondersoek ingelig word.

6. Telefoniese aanmelding van ‘n seksuele misdryf

Indien ‘n *seksuele misdryf* telefonies aangemeld word, moet die lid wat die klagte hanteer, bepaal of die persoon wat skakel die *slagoffer* is en, —
- (a) indien wel, probeer om die *slagoffer* aan die praat te hou en die *slagoffer* gerusstel dat ‘n polisievoertuig uitgestuur is en toepaslike advies aan die *slagoffer* verskaf terwyl hy of sy vir die voertuig wag; en
- (b) indien nie, die persoon aansê om by die *slagoffer* te bly en nie die *misdaadtoneel* te versteur nie, en

in albei gevalle, onmiddellik ‘n polisievoertuig na die toneel stuur om die *slagoffer* by te staan.

7. Verantwoordelikheid van die eerste lid op die misdaadtoneel

(1) Die eerste lid wat op ‘n toneel aankom waar ‘n *seksuele misdryf* na bewering gepleeg is, moet die *slagoffer* op ‘n professionele wyse hanteer en moet die *misdaadtoneel* beveilig totdat ‘n *ondersoekbeampte* beskikbaar is om beheer van die ondersoek te neem.

(2) Die lid op die toneel moet by die *slagoffer* vasstel of die verdagte moontlik nog in die omgewing kan wees en, indien wel, ‘n beskrywing van die verdagte verkry. Die beskrywing van die verdagte moet onmiddellik aan alle polisievoertuie in die area oorgedra word.

(3) ‘n Lid wat in kontak kom met ‘n *slagoffer* van ‘n *seksuele misdryf* moet, so ver as moontlik, vermy om onnodig aan die *slagoffer* te raak. Die lid wat die *slagoffer* ondervra, moet —

(a) die *slagoffer* gerusstel dat hy of sy nou veilig is en beskerm sal word;
(b) ‘n kort verduideliking van die gebeure wat plaasgevind het, verkry (neem ondersoeknotas, nie ‘n verklaring nie);
(c) luister na wat die *slagoffer* sê, sonder om hom of haar in die rede te val en hom of haar op sy of haar gemak plaas;
(d) elke ding wat die *slagoffer* sê, neerskryf, aangesien dit getuienis is wat die polisie in die ondersoek van hulp kan wees; en
(e) later ‘n omvattende verklaring maak aangaande die onderhoud en die ondersoeknotas wat geneem is en die notas in die dossier onder deel “A” van die dossier liasseer.

(4) Die lid moet dit vermy om op hierdie stadium onnodig ongemaklike vrae oor die intieme besonderhede van die beweerde *seksuele misdryf* te stel. Aangesien ‘n *slagoffer* dikwels bekommerd is dat almal die intieme feite van die saak sal weet, is dit belangrik dat die lid aan die *slagoffer* verduidelik dat die spesifieke besonderhede van die voorval net aan die nodige rolspelers bekend gemaak sal word en dat dit nie nodig sal wees om die intieme besonderhede herhaaldelik oor te vertel nie.

(5) Dit is noodsaaklik dat die lid op die toneel die *misdaadtoneel* beveilig. Lede moet daarvan kennis neem dat daar in die meeste gevalle van *seksuele misdrywe* basies drie *misdaadtonele* is, naamlik die liggame van beide die *slagoffer* en die verdagte en die plek, insluitende waar van toepassing, die voertuig of vaartuig waarin die voorval plaasgevind het en waar die *slagoffer* en oortreder beweeg het. Belangrike getuienis in die saak sal dikwels dít wees wat op die persoon van die *slagoffer* en by die *misdaadtoneel* opgespoor word.

8. Stappe wat gedoen moet word om die misdaadtoneel te beveilig

(1) ‘n Lid of lede wat eerste op die toneel aankom, moet die belangrikheid van die bewaring van getuienis van die pleging van die *seksuele misdryf* aan die *slagoffer* en alle ander persone wat teenwoordig kan wees en wat die *slagoffer* ondersteun (soos die ouers van die *slagoffer*), beklemtoon. Dit is baie belangrik dat ‘n *slagoffer* besef dat sy of haar liggaam as ‘n *misdaadtoneel* beskou word

en dat hy of sy, so ver as moontlik, enige moontlike getuienis moet bewaar totdat die mediese ondersoek gedoen is.

(2) Ten einde getuienis op die liggaam van die *slagoffer* te bewaar, moet die lid die *slagoffer* inlig om —

(a) enige toiletpapier en ander sanitêre materiaal te bewaar indien die *slagoffer* nodig het om na die badkamer te gaan (toiletpapier en ander sanitêre materiaal moet winddroog gemaak word en in 'n koevert of bruin papiersak geplaas en na die Forensiese Wetenskapslaboratorium gestuur word);

(b) homself of haarself daarvan te weerhou om enige vloeistof te drink, indien die *slagoffer* gedwing is om 'n handeling van orale seks uit te voer, aangesien getuienis in die proses verlore kan gaan. (Hierdie beperking geld slegs indien die *slagoffer* nog nie sy of haar mond uitgespoel het nie.) 'n Mondwattedepper moet so gou as moontlik na die voorval geneem word;

(c) die klere wat hy of sy ten tye van die pleging van die *seksuele misdryf* aangehad het, behou, aangesien die klere vir forensiese toetse nodig mag wees; en

(d) indien moontlik, reëlings te tref vir bykomende onderklere en ander klere wanneer hy of sy vir die mediese ondersoek gaan.

(3) Die lid moet die *misdaadtoneel* beskerm teen kontaminasie en beveilig totdat die *ondersoekbeampte* beheer van die toneel kan neem. Niks op die *misdaadtoneel* moet aangeraak of verskuif word nie.

(4) Die lid moet stappe doen om die privaatheid en menswaardigheid van die *slagoffer* te beskerm en moet verseker dat die *slagoffer* van die *misdaadtoneel* na 'n nabygeleë private plek verwyder word. Indien daar geen geskikte private plek naby is nie, moet die *slagoffer* van die publiek afgeskerm word. Dit is belangrik dat 'n lid by die *slagoffer* moet bly totdat die *ondersoekbeampte* opdaag.

(5) Indien die verdagte steeds op die toneel is, moet die lid hom of haar weghou van die *slagoffer* en toepaslike stappe doen om die verdagte van die toneel te verwyder om te voorkom dat bewerings gemaak word dat getuienis kontamineer is of dat die *slagoffer* of ander getuies geïntimideer is.

(6) Die lid moet enige persoon op die toneel identifiseer wat behulpsaam kan wees in die ondersoek en voldoende besonderhede van daardie persoon verkry sodat die *ondersoekbeampte* hom of haar later kan kontak.

9. Die rol van die ondersoekbeampte

(1) Die *ondersoekbeampte* is verantwoordelik om 'n deeglike en professionele ondersoek in elke saak te doen.

(2) Die *ondersoekbeampte* moet, so gou as moontlik nadat hy of sy ingelig is dat hy of sy aangewys is om 'n *seksuele misdryf* te ondersoek, —

(a) beheer neem van die ondersoek. Indien die *ondersoekbeampte* nie onmiddellik die ondersoek kan behartig nie, moet hy of sy , by wyse van selfoon of telefoon of radio opdragte aan 'n lid gee wat na die *slagoffer* omsien en die *misdaadtoneel* behartig, om die *slagoffer* in te lig van prosedures wat die *slagoffer* sal moet ondergaan en aan die *slagoffer* te

verduidelik wat die rol van die *ondersoekbeampte* is en hoe hy of sy die *slagoffer* sal bystaan;

(b) indien die *slagoffer* 'n *kind* is, die veiligheid van die *kind* verseker. Dit sluit in om te bepaal of die *kind* sorgbehoewend is en, indien wel, toepaslike stappe doen om die veiligheid en beskerming van die *kind* te verseker;

(c) inligting van die *slagoffer* verkry. Aanvanklik moet die *ondersoekbeampte* slegs 'n verklaring van die *slagoffer* neem wat uiteensit wat gebeur het (hierdie is slegs 'n voorlopige verklaring). Die *ondersoekbeampte* moet hierdie verklaring in privaatheid neem, hoewel 'n persoon van die *slagoffer* se keuse teenwoordig mag wees;

(d) die in-diepte verklaring van die *slagoffer* verkry so gou as wat die *slagoffer* genoegsaam van die beproewing herstel het (afhangende van omstandighede, ideaal gesproke, binne 24 - 36 uur). Die rede hiervoor is dat 'n beter verklaring van die *slagoffer* verkry kan word wanneer die trauma wat hy of sy ervaar het, minder intens is en 'n beter verstandhouding met die *ondersoekbeampte* bewerkstellig is;

(e) die *slagoffer* ingelig hou van die vordering van die ondersoek (soos dat die verdagte gearresteer is, op borgtog vrygelaat is, datums van hofverskynings, ens.). Die besonderhede van alle kontak deur die *ondersoekbeampte* met die *slagoffer* moet in die ondersoekdagboek aangeteken word, met vermelding van, onder andere, datum, tyd en plek waar kontak gemaak is en of dit persoonlik, telefonies of skriftelik was. Die *slagoffer* moet ook ingelig word van die kontakbesonderhede van die *ondersoekbeampte* en aangemoedig word om die *ondersoekbeampte* te kontak; en

(f) 'n verklaring met betrekking tot die *misdaadtoneel* inhandig, ongeag hoe lank gelede die voorval plaasgevind het.

10. Mediese ondersoek van die slagoffer

(1) Die doel van die mediese ondersoek van die *slagoffer* is om die liggaam van die *slagoffer* te ondersoek om te bepaal of daar enige getuienis aangaande die beweerde *seksuele misdryf* op of in die *slagoffer* se liggaam is en om vas te stel wat die verstandelike en emosionele toestand van die *slagoffer* is.

(2) Die *slagoffer* moet, so gou as moontlik, vir die mediese ondersoek geneem word. Selfs indien die *seksuele misdryf* eers meer as 72 uur nadat dit gepleeg is, aangemeld is, en selfs indien die *slagoffer* reeds gewas het en moontlik getuienis in die proses vernietig het, moet die *slagoffer* nog steeds vir die mediese ondersoek geneem word. Die moontlikheid dat daar steeds getuienis bekom kan word, kan nooit uitgesluit word nie.

(3) Wanneer die *slagoffer* vir die mediese ondersoek geneem word, moet daar op die volgende gelet word:

(a) Die mediese ondersoek moet so gou as moontlik uitgevoer word.

(b) Die mediese ondersoek moet deur 'n opgeleide *professionele gesondheidsversorger* uitgevoer word.

(c) Die *ondersoekbeampte* moet die *slagoffer* vir die mediese ondersoek na die *professionele gesondheidsversorger* neem.

(d) 'n Manlike lid mag nie teenwoordig wees tydens die mediese ondersoek van 'n vroulike *slagoffer* nie, en omgekeerd. Selfs 'n lid van dieselfde geslag as die *slagoffer* mag slegs tydens die mediese ondersoek teenwoordig wees indien die *slagoffer* daartoe toestem.

(e) Die *professionele gesondheidsversorger* sal nie die mediese ondersoek doen voordat ‘n saakdossier geregistreer is en vorms SAPD 308 en J 88 voltooi is nie.

(4) Indien daar bewerings van dwelm- of alkoholgebruik, ongeag vrywillig of nie, deur óf die *slagoffer* óf die beweerde oortreder, gemaak word, moet die *professionele gesondheidsversorger* versoek word om ‘n urienemonster, sowel as ‘n bloedmonster, van die *slagoffer* te bekom. Hierdie monsters moet, indien enigsins moontlik, binne 24 uur na die pleging van die misdryf verkry word.

(5) Die *ondersoekbeampte* moet die *slagoffer* inlig —
(a) van MIV- toetsing en *PEP*, soos beoog in paragraaf 11;
(b) van die doel waarvoor die monsters bekom word;
(c) van die redes waarom die vorms (SAPD 308 en J 88) voltooi moet word en die proses wat gevolg sal word;
(d) dat hy of sy die teruggawe kan versoek van alle voorwerpe waarop daar beslaggelê is as getuienis na die afhandeling van die strafsaak (die artikels kan egter tydens die forensiese proses beskadig word);
(e) dat hy of sy toegelaat sal word om te was of te bad nadat die mediese ondersoek afgehandel is; en
(f) dat die *professionele gesondheidsversorger* in staat sal wees om vrae te beantwoord in verband met mediese behandeling of beskikbare dienste indien die *slagoffer* verdere behandeling benodig en in staat sal wees om die *slagoffer* na ‘n *openbare gesondheidsinstelling* te verwys.

(6) Die *ondersoekbeampte* moet —
(a) ‘n vorm SAPD 308 voltooi waarin al die relevante besonderhede van die *seksuele misdryf* vermeld word of dit aan die vorm heg (dit wil sê, ‘n kort beskrywing van gebeure);
(b) ‘n vorm J 88 en die relevante toerusting aan die *professionele gesondheidsversorger* verskaf om die getuienis in te samel;
(c) aanteken presies watter mediese monsters benodig word en verseker dat dit geneem word (sien Aanhangsel C);
(d) indien dit uit die J 88 blyk dat die *slagoffer* minder as 72 uur voor die pleging van die beweerde *seksuele misdryf* seksuele kontak gehad het, moet monsters van die betrokke metgesel(le) verkry word;
(e) die monsters duidelik merk; en
(f) verseker dat die monsters binne 7 dae na die Forensiese Wetenskapslaboratorium gestuur word. In gevalle waar fetusse betrokke is, moet die fetus, so gou as wat redelikerwys moontlik is, na die Forensiese Wetenskapslaboratorium geneem word.

(7) Indien die *slagoffer* onmiddellike mediese aandag benodig en die *ondersoekbeampte* is nie teenwoordig nie, moet alle moontlike stappe gedoen word om te verseker dat ‘n deeglike mediese ondersoek gedoen word en die regte monsters onverwyld verkry word.

(8) (a) Indien die *slagoffer* van die beweerde *seksuele misdryf* ‘n *kind* is, moet die *ondersoekbeampte* die noodsaaklikheid van die ondersoek aan die ouers of voog van die *kind* verduidelik en hulle toestemming verkry vir die ondersoek wat gedoen moet word en die vorm SAPD 308 voltooi.

(b) Die *ondersoekbeampte* moet ook die ouers of voogde van die *kinderslagoffer* inlig dat hulle die *kind* na die ondersoek mag vergesel.

INDIEN ...	DAN ...
‘n ouer of voog van ‘n *kinderslagoffer* — ▸ nie binne ‘n redelike tyd opgespoor word nie; ▸ nie betyds toestemming kan gee nie; ▸ ‘n verdagte is ten opsigte van die oortreding waarvoor die ondersoek gedoen moet word; ▸ onredelik toestemming weier; ▸ geestesongesteld is en nie toestemming kan verleen vir die ondersoek nie; of ▸ oorlede is,	moet aansoek, ingevolge artikel 335B van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 of 1977) by ‘n landdros gedoen word om toestemming te verkry dat die mediese ondersoek gedoen kan word.
‘n landdros nie beskikbaar is nie,	kan ‘n lid wat ‘n offisier is of die plaaslike Stasiekommissaris, toestemming verleen mits die volgende twee beëdigde verklarings voorgelê word: ▸ Een deur die *ondersoekbeampte* of ‘n ander lid van die stasie wat die saak hanteer, waarin vermeld word dat ‘n landdros se toestemming nie binne ‘n redelike tyd verkry kan word nie. ▸ Een van ‘n *professionele gesondheidsversorger* wat aandui dat die mediese ondersoek nie in sy doel sal slaag as dit nie onmiddellik gedoen word nie.

(9) Indien ‘n *slagoffer*, weens sy of haar geestesiekte, nie in staat is om tot mediese behandeling toe te stem nie, moet skriftelike toestemming vir ‘n mediese ondersoek verkry word ooreenkomstig die prosedure soos uiteengesit in artikel 32 van die Wet op Geestesgesondheidsorg, 2002 (Wet No. 17 van 2002). Hierdie artikel handel, onder andere, oor die versorging en behandeling van geestesgesondheidsorggebruikers wat nie in staat is om ingeligte besluite te neem nie.

11. Lig die slagoffer van 'n seksuele misdryf in van die beskikbare dienste en oorhandig 'n Kennisgewing aan die slagoffer

(1) Uit die inhoud van die *slagoffer* se beëdigde verklaring, moet die lid 'n mening vorm of die *slagoffer*, weens die pleging van die misdryf, blootgestel is aan die risiko om met MIV besmet te word. Die *slagoffer* sou blootgestel kon wees aan die risiko om met MIV besmet te word, indien die misdryf 'n *seksuele misdryf* is waartydens die *slagoffer* in kontak was met die ***bloed, semen of vaginale vloeistof*** van die beweerde oortreder.

(2) 'n *Slagoffer* van 'n *seksuele misdryf* wat blootgestel is aan die risiko om met MIV besmet te wees as gevolg van die pleging van die *seksuele misdryf*, moet —

(a) voorsien word van 'n afskrif van die Vorm SAPD 580(a) (Kennisgewing aan 'n slagoffer van beskikbare dienste) in Afrikaans of Engels (indien die *slagoffer* in staat is om die Kennisgewing in Afrikaans of Engels te lees en te verstaan); en

(b) ooreenkomstig die Kennisgewing waarna in (a) verwys word, deur 'n lid ingelig word —

(i) van die belangrikheid daarvan om *PEP* vir MIV-infeksie te ontvang sonder enige vertraging, maar in elk geval binne 72 uur na die beweerde *seksuele misdryf* teen hom of haar gepleeg is;

(ii) dat *PEP* op staatskoste by 'n *openbare gesondheidsinstelling* ooreenkomstig die staat se geldende behandelingskriteria en protokolle aan hom of haar toegedien sal word;

(iii) dat die *slagoffer* gratis mediese advies en hulp aangaande die toediening van *PEP* sal ontvang alvorens dit toegedien word;

(iv) van die noodsaaklikheid om mediese advies en hulp aangaande die moontlikheid van ander seksueel oordraagbare infeksies te ontvang; en

(v) dat die *slagoffer* of *belanghebbende persoon* by die landdroshof kan aansoek doen vir 'n bevel wat die beweerde oortreder dwing om, op staatskoste, 'n MIV- toets te ondergaan.

(3) Indien die *slagoffer* nie in staat is om die Kennisgewing in Afrikaans of Engels te lees en te verstaan nie, moet die lid, of enige ander persoon wat bereid en in staat is om die lid by te staan om die inhoud van die Kennisgewing aan die *slagoffer* te verduidelik in 'n taal wat die *slagoffer* verstaan, die inhoud van die Kennisgewing aan die *slagoffer* verduidelik. Die *slagoffer* moet ook voorsien word van die lys van *openbare gesondheidsinstellings* in die provinsie wat in staat is om *PEP* aan die *slagoffer* te voorsien. 'n Lys van sodanige instellings is hierby aangeheg as Aanhangsel A.

(4) Wanneer 'n *slagoffer*, soos uiteengesit in subparagraaf (2)(b) hierbo, ingelig is, moet die *slagoffer* gevra word of hy of sy verkies om aansoek te doen dat die beweerde oortreder, wanneer hy of sy gearresteer of opgespoor is, op staatskoste vir MIV getoets word. Die *slagoffer* moet ingelig word dat hy of sy nie die besluit onmiddellik hoef te neem nie, maar moet besef dat, indien hy of sy sou besluit om later aansoek te doen dat die beweerde oortreder getoets moet word soos hierbo uiteengesit, hy of sy slegs daarop geregtig sal wees om ***binne 90 dae*** vanaf die datum van die beweerde pleging van die misdryf, aansoek te doen dat sodanige toets gedoen word.

(5) Indien die *slagoffer* verkies om onmiddellik aansoek te doen dat die beweerde oortreder vir MIV getoets word, moet hy of sy voorsien word van ‘n afskrif van die Vorm SAPD 580(b) (Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder) en versoek word om die aansoekvorm te voltooi. Indien die *slagoffer* bystand benodig om die aansoek te voltooi, moet die lid die *slagoffer* bystaan en, indien nodig, die aansoek namens die *slagoffer* voltooi. Wanneer die aansoek voltooi is, moet die aansoek òf beëdig word deurdat die aansoeker sweer dat die inhoud van die aansoek waar is, òf bevestig word deurdat die aansoeker plegtig verklaar dat dit waar is en die lid moet die betrokke deel van die aansoekvorm voltooi en teken dat dit tydens die voltooiing van die aansoek gedoen is.

(6) Indien die *slagoffer* verkies om nie onmiddellik aansoek te doen dat die beweerde oortreder vir MIV getoets word nie, moet hy of sy voorsien word van ‘n afskrif van die vorm SAPD 580(b) (Aansoek deur slagoffer of belanghebbende persoon vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder) en ingelig word dat, indien hy of sy later besluit om aansoek te doen dat die beweerde oortreder vir MIV getoets word, moet hy of sy die aansoekvorm voltooi en ***binne 90 dae*** vanaf die beweerde pleging van die misdryf, die voltooide aansoekvorm aan die *ondersoekbeampte* oorhandig. Indien die *slagoffer* die voltooide aansoekvorm binne 90 dae aan die *ondersoekbeampte* oorhandig, moet die *slagoffer* òf sweer dat die inhoud van die aansoek waar is, òf opreg verklaar dat die inligting wat in die aansoek verskaf is, waar is, en die lid moet teken dat dit gedoen is tydens die voltooiing van die betrokke deel van die aansoek.

(7) Enige stappe wat ooreenkomstig hierdie paragraaf gedoen is, moet in die ondersoekdagboek van die dossier aangeteken word.

12. Hantering van ‘n aansoek vir die MIV-toetsing van die oortreder

(1) Die *ondersoekbeampte* moet die aansoek plaas in ‘n verseëlde koevert wat “Confidential/Vertroulik” gemerk is en op die koevert —

(a) “Aansoek deur *slagoffer* of *belanghebbende persoon* vir MIV- toetsing van beweerde oortreder” of “Aansoek deur *slagoffer* of *belanghebbende persoon* om toegang tot MIV- toetsuitslag reeds deur *ondersoekbeampte* verkry”, na gelang van die geval; en

(b) die saaknommer, naam, rang en Persalnommer van die *ondersoekbeampte*,

skryf en dit so gou as wat redelikerwys prakties is, maar nie later nie as twee werksdae, nadat die aansoek deur die *ondersoekbeampte* ontvang is, na die klerk van die hof stuur. Die *ondersoekbeampte* moet ‘n afskrif van die aansoek onder deel “B” van die dossier liasseer.

(2) Indien die landdros wat die aansoek oorweeg, aanvullende getuienis benodig, hetsy in die vorm van mondelinge getuienis of by wyse van ‘n beëdigde verklaring, sal die klerk van die hof die *ondersoekbeampte* persoonlik telefonies inlig en dit skriftelik bevestig.

(3) Indien die landdros aanvullende getuienis in die vorm van beëdigde verklaring vereis, moet die *ondersoekbeampte* die beëdigde verklaring(s) so gou as wat redelikerwys prakties is of binne die tydperk soos bepaal deur die landdros,

bekom en die beëdigde verklaring(s) in ‘n verseëlde koevert plaas en die koevert —

(a) merk as “Confidential/Vertroulik”; en

(b) die saaknommer, naam rang en Persalnommer van die *ondersoekbeampte* aandui,

en dit aan die klerk van die hof oorhandig.

(4) Indien die landdros aanvullende mondelinge getuienis vereis, moet die *ondersoekbeampte* —

(a) die *slagoffer*, *belanghebbende persoon* of ander getuie skriftelik op ‘n amptelike briefhoof (SAPD 21) in kennis stel om op die vasgestelde datum en tyd, soos oorgedra deur die klerk van die hof, voor die landdros te verskyn en sy of haar handtekening verkry op ‘n afskrif van die skriftelike kennisgewing as bewys van die feit dat hy of sy dienooreenkomstig in kennis gestel is;

(b) indien daar van die beweerde oortreder vereis word om te getuig, en hy of sy is —

(i) in aanhouding by die Polisie, hom of haar op die vasgestelde datum en tyd neem om voor die landdros te verskyn; of

(ii) nie in aanhouding by die Polisie nie, aan die beweerde oortreder ‘n skriftelike kennisgewing op ‘n amptelike briefhoof (SAPD 21) oorhandig wat hom of haar inlig van die vasgestelde datum en tyd waarop hy of sy voor die landdros moet verskyn en sy of haar handtekening op ‘n afskrif van die skriftelike kennisgewing verkry as bewys van die feit dat hy of sy dienooreenkomstig ingelig is; en

(c) die verhoor op die vasgestelde datum en tyd bywoon en, indien die *slagoffer, belanghebbende persoon*, ander getuie of die beweerde oortreder afwesig is, die landdros voorsien van die afskrif van die skriftelike kennisgewing wat aan die *slagoffer, belanghebbende persoon*, ander getuie of die beweerde oortreder oorhandig is en waarop hy of sy ontvangs by wyse van sy of haar handtekening erken het.

(5) Wanneer ‘n landdros oor die aansoek besluit het, sal die klerk van die hof die verseëlde besluit aan die *ondersoekbeampte* oorhandig wat, in die register wat die klerk van die hof byhou, ontvangs daarvan moet erken.

(6) Die *ondersoekbeampte* moet, so gou as wat redelikerwys prakties is of binne die tydperk wat deur die landdros bepaal is, ‘n vorm SAPD 580(d) (Kennisgewing aan beweerde oortreder ten opsigte van ‘n bevel vir MIV-toetsing) oorhandig wat hom of haar inlig van die bevel wat deur die landdros uitgereik is.

(7) Enige stappe wat ooreenkomstig hierdie paragraaf gedoen is, moet in die ondersoekdagboek van die dossier aangeteken word.

13. Aansoek deur ondersoekbeampte vir MIV-toetsing van oortreder

(1) ‘n *Ondersoekbeampte* kan, ingevolge artikel 32 van *die Wet*, indien hy of sy dit vir doeleindes van ‘n ondersoek in verband met ‘n *seksuele misdryf* nodig vind, self by ‘n landdros van die landdrosdistrik waarbinne die *seksuele misdryf* of misdryf na bewering gepleeg is, in kamers aansoek doen op vorm SAPD 580(c) (Aansoek deur ondersoekbeampte vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder) vir ‘n bevel dat —

(a) die beweerde oortreder vir MIV getoets word; of
(b) die uitslag van die MIV-toetsing ten opsigte van die beweerde oortreder wat reeds by wyse van 'n aansoek deur die *slagoffer* of *belanghebbende persoon* bekom is, beskikbaar gestel word aan die *ondersoekbeampte* of aanklaer wat die uitslag benodig vir doeleindes van die vervolging in die saak of enige ander hofverrigtinge.

(2) Die prosedure wat in paragraaf 12 uiteengesit is, moet ook gevolg word in 'n geval waar 'n aansoek vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder deur die *ondersoekbeampte* gedoen word.

14. Uitvoering van bevel vir MIV- toetsing van oortreder

(1) Sodra 'n bevel vir die MIV-toetsing van die beweerde oortreder aan 'n *ondersoekbeampte* oorhandig is, moet hy of sy —
(a) die beweerde oortreder beskikbaar stel om te verseker dat twee bloedmonsters van sy of haar liggaam verkry kan word;
(b) enige *geneesheer* of *verpleër of verpleegster* versoek om twee bloedmonsters van die beweerde oortreder te neem; en
(c) die twee bloedmonsters van die beweerde oortreder aflewer by die hoof van 'n *openbare gesondheidsinstelling* of persoon wat deur die hoof van 'n *openbare gesondheidsinstelling* aangewys is.

(2) Die *ondersoekbeampte* kan, indien die beweerde oortreder nie aangehou word nie, en —
(a) daar gronde is om te glo dat hy of sy die nakoming van die bevel vir verpligte MIV-toetsing sal vermy; of
(b) hy of sy die nakoming van die bevel vir die verpligte MIV-toetsing vermy het,
by die landdros wat die vermelde bevel uitgereik het, op vorm SAPD 580(f) (Aansoek vir 'n Lasbrief vir Arrestasie) aansoek doen om die uitreiking van 'n lasbrief vir die arrestasie van die beweerde oortreder om bloedmonsters vir MIV-toetse van sy of haar liggaam te neem. Indien die landdros wat die bevel uitgereik het, nie beskikbaar is of nie in staat is om sodanige aansoek te oorweeg nie, kan die aansoek aan enige ander landdros voorgelê word.

(3) Die *ondersoekbeampte* moet, wanneer die beweerde oortreder kragtens die Lasbrief vir Arrestasie, waarna in subparagraaf (2) verwys word, gearresteer is, redelike stappe doen om die identiteit van die beweerde oortreder te bevestig en die beweerde oortreder onverwyld na 'n openbare gesondheidsinstelling neem sodat bloedmonsters van hom of haar geneem kan word. Die beweerde oortreder moet so gou as wat die bloedmonsters geneem is, vrygelaat word.

(4) Wanneer die *ondersoekbeampte* die duplikaat verseëlde rekords van die toetsuitslae van die *openbare gesondheidsinstelling* bekom en ontvangs daarvan erken het, moet hy of sy —
(a) indien die aansoek deur die *slagoffer* of *belanghebbende persoon* gemaak is, 'n verseëlde rekord van die uitslag tesame met 'n afskrif van vorm SAPD 580(e) (Kennisgewing met inligting oor die vertroulikheid van en hantering van uitslag van MIV-toets) beide aan die *slagoffer* of *belanghebbende persoon* en beweerde oortreder oorhandig; of
(b) indien die aansoek deur die *ondersoekbeampte* gemaak is, 'n verseëlde rekord van die uitslag met 'n vorm SAPD 580(e) (Kennisgewing met inligting oor die vertroulikheid van en hantering van uitslag van MIV-

toets) aan die beweerde oortreder oorhandig, en die ander rekord van die toetsuitslae hou (soos bedoel in paragraaf 15(3)) en die uitslag van die toetse aan die aanklaer beskikbaar stel wat kennis moet dra van die uitslae vir doeleindes van die vervolging of enige ander hofverrigtinge.

(5) Indien ‘n bevel uitgereik is ingevolge waarvan ‘n MIV-toets gedoen is op ‘n beweerde oortreder uit hoofde van ‘n aansoek deur ‘n *ondersoekbeampte*, mag die *ondersoekbeampte* die *slagoffer* of ‘n *belanghebbende persoon* in daardie bepaalde saak van die MIV-status van die beweerde oortreder inlig met die oog daarop om —

(a) sekondêre trauma te verminder en die *slagoffer* te bemagtig om ingeligte mediese -, lewensstyl - en ander persoonlike besluite te neem; of

(b) die toetsuitslae as getuienis te gebruik in enige daaropvolgende siviele verrigtinge wat voortspruit uit die betrokke *seksuele misdryf*.

(6) Indien die aanklaer ‘n klagte op versoek van die *slagoffer* terugtrek nadat ‘n landdros, op aansoek van die *slagoffer*, ‘n bevel uitgereik het vir ‘n MIV-toets van die beweerde oortreder, sal die bevel verval en mag die toetsuitslag nie aan die *slagoffer* openbaar gemaak word nie. Die *ondersoekbeampte* moet die Hoof van die *openbare gesondheidsinstelling* van die terugtrek van die klagte inlig en enige monster wat geneem is of uitslae wat ten opsigte van die beweerde oortreder bekom is, moet, in ooreenstemming met die instruksies van die Departement van Gesondheid, vernietig word. Indien die *ondersoekbeampte* in so ‘n geval in besit is van verseëlde rekords van die MIV-toetsuitslag, moet hy of sy ook die rekords wat die uitslae bevat, vernietig.

(7) Enige stappe wat ooreenkomstig hierdie paragraaf gedoen is, moet in die ondersoekdagboek van die dossier aangeteken word.

15. Rekordhouding van uitslae van MIV- toetsing

(1) Elke bevelvoerder van die speurders by ‘n stasie of ‘n speureenheid moet ‘n register in sy of haar kantoor byhou waarin die besonderhede aangaande elke aansoek vir ‘n verpligte MIV-toets aangeteken moet word. ‘n B16-boek moet, tot verdere kennisgewing, as ‘n register gebruik word. Die inligting (soos uiteengesit in Aanhangsel G) ten opsigte van elke sodanige aansoek moet in daardie register aangeteken word. Een volledige bladsy van die register moet gebruik word om die besonderhede (insluitende die uitslag van die aansoek en die uitslae van enige toetse) vir elke aansoek aan te teken. Die bladsye van die register moet genommer word en ‘n inhoudsopgawe van alle aansoeke met die betrokke MAS-nommer en die ooreenstemmende nommer van die bladsy in die register wat die besonderhede van die aansoek bevat, moet op die eerste bladsy van die register aangebring word.

(2) Die betrokke bevelvoerder is persoonlik verantwoordelik om toe te sien dat toegang tot die register slegs verleen word aan —

(a) ‘n lid wat ‘n saak ondersoek in verband waarmee daar aansoek vir MIV-toetsing gedoen is;

(b) die *slagoffer*;

(c) ‘n persoon wat ’n wesenlike belang in die welstand van ’n *slagoffer* het, insluitend ’n gade, permanente lewensmaat van dieselfde of teenoorgestelde geslag, ouer, voog, familielid, sorggewer, kurator, berader, *geneesheer*, gesondheidsorgvoorsiener, maatskaplike werker of onderwyser of onderwyseres van so ’n *slagoffer*;

(d) die beweerde oortreder;
(e) ‘n aanklaer;
(f) ‘n persoon wat geregtig is om die hofbevel om die MIV-toetsing te doen, uit te voer; en
(g) die Stasiekommissaris of ‘n offisier op provinsiale of nasionale vlak, ten einde die register te inspekteer.

(3) Die rekord wat die uitslag bevat van ‘n MIV-toets wat op ‘n beweerde oortreder uitgevoer is, moet geliasseer word in ‘n lêer wat in die kantoor van die bevelvoerder van die speurders by die betrokke stasie of in die kantoor van die bevelvoerder van die betrokke eenheid van die speurdiens gehou word (tesame met die register waarna in subparagraaf (1) verwys word) en mag nie in die dossier geliasseer word nie. Die betrokke bevelvoerder mag slegs toegang tot die rekord verleen aan die persone in subparagraaf (2) hierbo vermeld. Toepaslike inskrywings, ten opsigte van alle stappe wat gedoen is en opsigte van die MIV-toetsing van ‘n beweerde oortreder, moet in die ondersoekdagboek van die dossier aangeteken word. Die uitslag van ‘n MIV-toets mag egter nie in die ondersoekdagboek aangeteken word nie.

(4) ‘n *Ondersoekbeampte* mag die uitslag van ‘n MIV-toets van ‘n beweerde oortreder aan die aanklaer, wat verantwoordelik is om die vervolging van die beweerde oortreder te hanteer, openbaar. Indien die aanklaer versoek dat die rekord wat die uitslag bevat vir doeleindes van die vervolging van die beweerde oortreder aan hom of haar verskaf word, moet die *ondersoekbeampte* die aanklaer versoek om ‘n aansoek op vorm SAPD 580(g) (Aansoek om toegang tot die MIV-toets uitslag van die beweerde seks-oortreder) te voltooi en aan die versoek voldoen. Die *ondersoekbeampte* moet ook ‘n gepaste inskrywing in die ondersoekdagboek maak en die aanklaer versoek om by die inskrywing te teken as erkenning van die ontvangs van die rekord.

16. Mediese ondersoek van die verdagte

(1) Die doel van die mediese ondersoek van die verdagte is om die liggaam van die verdagte te ondersoek en te bepaal om daar enige getuienis in verband met die beweerde *seksuele misdryf* op of in die liggaam van die verdagte is. Monsters verkry van die liggaam van ‘n verdagte word gebruik om die verdagte met die misdryf te verbind en om te verseker dat die pleger van die misdryf vervolg word.

(2) Die *ondersoekbeampte* moet verseker dat ‘n verdagte, indien dit nodig is vir die behoorlike ondersoek van die saak, vir ‘n mediese ondersoek geneem word. Artikel 37 of die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), verleen aan ‘n lid die bevoegdheid om ‘n *professionele gesondheidsversorger* te versoek om sekere liggaamlike kenmerke van die verdagte vas te stel en om monsters van die liggaam van die verdagte te neem en bepaal ook die omstandighede waarin die liggaamlike kenmerke vasgestel kan word en die monsters geneem kan word.

(3) Indien dit vir die behoorlike ondersoek van die saak nodig is dat liggaamlike monsters van die verdagte geneem word, moet die *ondersoekbeampte*, wanneer die verdagte geïdentifiseer en opgespoor is, die verdagte na ‘n *professionele gesondheidsversorger* neem om die liggaamlike kenmerke van die verdagte te bepaal en om die nodige bloedmonsters (insluitende ‘n kontrolemonster) van die verdagte te neem. By ontvangs van ‘n

kontrolemonster, moet die monster so gou as moontlik aan die Forensiese Wetenskapslaboratorium oorhandig word. ‘n Brief moet onverwyld van die betrokke aanklaer verkry word waarin die aanklaer versoek dat ‘n DNS analise op die monsters gedoen word. Hierdie brief moet so gou as moontlik aan die Forensiese Wetenskapslaboratorium oorhandig word en ‘n afskrif van die brief moet onder deel “B” van die dossier geliasseer word.

(4) Die *ondersoekbeampte* moet verseker dat —
- (a) ‘n vorm J 88 beskikbaar is wanneer die verdagte ondersoek word en dat die vorm behoorlik deur die *professionele gesondheidsversorger* voltooi word;
- (b) alle nodige monsters geneem word (sien Aanhangsel D);
- (c) die monsters duidelik gemerk is;
- (d) die monsters onverwyld na die Forensiese Wetenskapslaboratorium gestuur word; en
- (e) enige sigbare beserings aan die verdagte aangeteken word.

17. Voorkoming van kontaminasie van bewysstukke

(1) Dit is noodsaaklik dat redelike stappe gedoen word om monsters van fisiese bewysstukke wat tydens die ondersoek van *seksuele misdrywe* verkry is, teen kontaminasie te beveilig en te beskerm. ‘n Beweerde *seksuele misdryf* is dikwels uiters moeilik om te bewys. Oor die algemeen word so ‘n misdryf gepleeg terwyl geen ander getuies teenwoordig is nie en dit is derhalwe die woord van die *slagoffer* teen die woord van die verdagte.

(2) ‘n Lid wat nie opgelei of ondervinding het in die versameling, hantering, bewaring en vervoer van bewysstukke nie, moet nie bewysstukke versamel, hanteer, bewaar en vervoer nie. Sodanige lid moet die *misdaadtoneel(e)* teen kontaminasie beveilig en die hulp van ‘n opgeleide lid of vanaf die Plaaslike Kriminele Rekordsentrum (PKRS) versoek.

(3) Die kontaminasie van getuienis (insluitende die verlies van bewysstukke op die *slagoffer* en die verdagte) moet voorkom word deur —
- (a) kontak met die *slagoffer* en verdagte deur dieselfde lid te vermy. Indien ‘n lid die verdagte kort na die pleging van die misdryf gearresteer het, moet daardie lid kontak of ondervraging van die *slagoffer* vermy, voordat ***beide*** die *slagoffer* en die verdagte —
  - (i) medies ondersoek is;
  - (ii) in ander klere verklee het; en
  - (iii) die klere wat tydens die beweerde *seksuele misdryf* gedra is, vir forensiese analise verwyder is;
- (b) die *slagoffer* en verdagte in verskillende voertuie te vervoer;
- (c) kontak deur dieselfde lid met die klere van die *slagoffer* en die verdagte te vermy. Beide stelle klere mag nie deur dieselfde lid verpak word nie, tensy dit in verskillende stadiums van die ondersoek gedoen word;
- (d) te verseker dat verskillende werksoppervlaktes gebruik word vir die verpakking van die bewysstukke; en
- (e) te verseker dat die mediese ondersoek van die *slagoffer* en verdagte afsonderlik en nie op dieselfde oppervlakte gedoen word nie.

18. Neem van in-diepte verklaring van die slagoffer

(1) Die aanvanklike verklaring van die *slagoffer* moet deur ‘n in-diepte verklaring opgevolg word. Die *ondersoekbeampte* moet verseker dat die *slagoffer* se in-

diepte verklaring geneem word wanneer die *slagoffer* genoegsaam herstel het (afhangende van die omstandighede, ideaal gesproke, tussen 24 en 36 uur) na die voorval. Die *ondersoekbeampte* moet sensitief wees vir die kulturele-, taal- en geloofsagtergrond en geslag van die *slagoffer*.

(2) Riglyne vir die neem van die in-diepte verklaring van die *slagoffer* word in Aanhangsel E vervat. In die geval van 'n *kinderslagoffer* van 'n *seksuele misdryf*, moet die riglyne vermeld in Aanhangsel F in aggeneem word wanneer die *ondersoekbeampte* 'n verklaring van die *kinderslagoffer* neem. Die volgende algemene riglyne moet deur die *ondersoekbeampte* nagekom word wanneer die in-diepte verklaring van die *slagoffer* geneem word:

(a) Voorbereiding vir die neem van die verklaring

Die *ondersoekbeampte* moet voldoende tyd toelaat om 'n verklaring van hierdie aard te neem. Dit is belangrik dat die *slagoffer* nie aangejaag word nie. Die verklaring moet omvattend wees en besonderhede bevat. Die *ondersoekbeampte* moet stappe doen om die *slagoffer* op gemak te stel en die verklaring moet in 'n ontspanne, private atmosfeer geneem word waar daar min onderbreking is.

(b) Teenwoordigheid van 'n belanghebbende persoon

Die *ondersoekbeampte* moet by die *slagoffer* uitvind of hy of sy verkies om 'n *belanghebbende persoon* teenwoordig te hê vir ondersteuning. Indien die *belanghebbende persoon* wat deur die *slagoffer* geïdentifiseer is om hom of haar tydens die neem van die verklaring te ondersteun, 'n potensiële getuie van die aangemelde misdaad is, moet die *ondersoekbeampte* die *slagoffer* inlig dat sodanige persoon 'n potensiële getuie is en nie teenwoordig mag wees tydens die neem van sy of haar verklaring nie.

Indien die *slagoffer* verkies om 'n *belanghebbende persoon* teenwoordig te hê tydens die neem van die verklaring, moet die *belanghebbende persoon* ingelig word dat hy of sy nie —

(i) oor die meriete van die saak kommentaar mag lewer nie;
(ii) die *slagoffer* mag voorsê nie; of
(iii) op enige wyse met die *ondersoekbeampte* mag inmeng in die proses van die verkryging van die verklaring van die *slagoffer* nie.

(c) Bespreking van intieme besonderhede

Die *ondersoekbeampte* moet aan die *slagoffer* verduidelik dat die neem van die verklaring die bespreking van intieme besonderhede van die seksuele voorval sal behels. Indien die teenwoordigheid van 'n *belanghebbende persoon* die *slagoffer* sal verhinder om hierdie besonderhede te openbaar, kan die *ondersoekbeampte* aan die *slagoffer* voorstel dat die *belanghebbende persoon* nie teenwoordig moet wees nie. Die besluit om die *belanghebbende persoon* toe te laat om teenwoordig te wees, bly egter dié van die *slagoffer*.

(d) Slagoffer moet ingelig word om niks weg te steek nie

Die *ondersoekbeampte* moet die *slagoffer*, met groot sensitiwiteit inlig, dat, indien hy of sy iets gedoen het wat hom of haar gedurende sy of haar kruisverhoor in 'n slegte lig kan stel, dit noodsaaklik is dat hy of sy nie probeer om die feit weg te steek nie, maar dit openlik stel.

Voorbeeld 1: Indien die *slagoffer* drank of dwelms gebruik het. Presies wat en hoeveel gebruik is, moet in die verklaring ingesluit word.

Voorbeeld 2: Indien die *slagoffer* aanvanklik die beskuldigde aantreklik gevind het en die beskuldigde toegelaat het om hom of haar te soen. (Die feit dat die *slagoffer* op hierdie wyse opgetree het, beteken nie dat hy of sy toegestem het dat die *seksuele misdryf* gepleeg word nie.)

Die feit dat die *slagoffer* elke aspek in sy of haar verklaring vermeld, selfs inligting wat negatief op die *slagoffer* kan reflekteer, sal die geloofwaardigheid van die *slagoffer* verhoog.

19. Nasorg van die slagoffer

(1) Die belangrikheid van nasorg van die slagoffer

Die *slagoffer* van ‘n *seksuele misdryf* het ‘n traumatiese gebeurtenis beleef en die meeste *slagoffers* van ‘n *seksuele misdryf* het ‘n mate van berading nodig om hulle in staat te stel om dit te kan hanteer. *Slagoffers* van *seksuele misdrywe* kan ook vrees dat hulle tydens die *seksuele misdryf* VIGS of ‘n ander seksueel oordraagbare siekte kon opgedoen het.

(2) Veiligheid van slagoffers van seksuele misdrywe

Beide met die oog op misdaadvoorkoming in die algemeen, asook soos vereis deur bepaalde wetgewing, het die Diens ‘n plig om gepaste stappe te doen om te verseker dat ‘n weerlose *slagoffer* beskerm word.

(a) Seksuele misdryf as gevolg van gesinsgeweld

Die lid op die toneel moet, in die geval waar ‘n *seksuele misdryf* gedurende ‘n voorval van gesinsgeweld gepleeg is, ooreenkomstig die Nasionale Instruksie oor Gesinsgeweld optree en die *slagoffer* inlig van sy of haar reg om —

(i) ingevolge die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No 116 van 1998), aansoek te doen vir ‘n beskermingsbevel; en

(ii) ‘n kriminele klagte in te dien (‘n kriminele klagte hoef nie eers ingedien te word voordat die *slagoffer* vir ‘n beskermingsbevel aansoek kan doen nie).

(b) Indien die slagoffer ‘n kind is

Indien die *slagoffer* ‘n *kind* is, moet ‘n lid wat deur die GKS- Eenheid opgelei is of ‘n gespesialiseerde individu gekontak word. Waar daar gronde is om te glo dat dit in die beste belang van die *kind* sal wees om na ‘n plek van veilige bewaring verwyder te word, moet die bepalings van die toepaslike wetgewing in verband met *kinders* toegepas word.

(c) Verstandelik gestremde persone

Indien die *ondersoekbeampte* moeilikheid ondervind wanneer daar met ‘n verstandelik gestremde persoon gewerk word, moet die aangeleentheid met Regsdienste bespreek word aangesien die prosedure mag vereis dat ‘n dringende aansoek by die Hooggeregshof gebring moet word.

(4) Ondersoekbeampte moet slagoffers bystaan

Dit is die verantwoordelikheid van die *ondersoekbeampte* om —

(a) aan ‘n *slagoffer* die besonderhede van mediese- en beradingsdienste wat in die area beskikbaar is, te verskaf;
(b) redelike bystand aan die *slagoffer* te verleen om van sodanige dienste gebruik te maak; en
(c) te verseker dat toepaslike stappe gedoen word om *kinders* of ander weerlose *slagoffers* te beveilig.

20. Uitkenningsparades

Die *ondersoekbeampte* moet verseker dat ‘n uitkenningsparade gehou word in omstandighede soos beoog in en ooreenkomstig die bepalings van die Nasionale Instruksie oor Uitkenningsparades.

21. Voorbereiding vir hofverrigtinge

(1) Die *ondersoekbeampte* moet die *slagoffer* ingelig hou van enige verwikkelinge in die ondersoek van die saak en moet aan die *slagoffer* die hofproses verduidelik en wat om in die hof te verwag ten einde die *slagoffer* vir die hofsaak voor te berei.

(2) Ingevolge artikel 153 of die Strafproseswet, 1977 (Wet No 51 van 1977), kan die hof beveel dat die getuienis van ‘n *slagoffer* van ‘n *seksuele misdryf* agter geslote deure aangehoor word. Die *ondersoekbeampte* moet die bepalings van hierdie artikel aan die *slagoffer* verduidelik en kan die aanklaer versoek om hom of haar te help om die implikasies en uitwerking daarvan aan die *slagoffer* te verduidelik.

(3) Die *ondersoekbeampte* moet ‘n verdere verklaring van die *slagoffer* neem voordat die *slagoffer* in die hof getuig. Die doel van hierdie verklaring is om die gevolge (impak) van die *seksuele misdryf* op die lewe van die *slagoffer* onder die aandag van die aanklaer te bring. Die *ondersoekbeampte* moet by die *slagoffer* uitvind hoe die voorval sy of haar lewe en verhoudings met geliefdes geraak het. Dit sal enige veranderings aan die persoonlikheid en gesondheid van die *slagoffer* as gevolg van die *seksuele misdryf* insluit. Indien toepaslik, moet ‘n impakverklaring van ‘n sielkundige, maatskaplike werker of forensiese maatskaplike werker of enige ander persoon ook verkry word.

(4) Indien die *slagoffer* ‘n *kind* is, moet die *ondersoekbeampte* ‘n impakverklaring verkry van ‘n ouer, voog, sielkundige, maatskaplike werker of forensiese maatskaplike werker of enige ander persoon wat kan getuig hoe die *kind* deur die misdryf geraak is. Feite wat reeds in die in-diepte verklaring vermeld is, moet nie in die impakverklaring herhaal word nie.

(5) Indien dit enigsins moontlik is, moet die *ondersoekbeampte* die *slagoffer* voor die dag van die verhoor na die hof neem waar die saak aangehoor sal word. Die *ondersoekbeampte* moet reël vir ‘n voor-verhoor konsultasie tussen die aanklaer, die *ondersoekbeampte*, die *slagoffer* en sleutelgetuies.

(6) Die konsultasie met sleutelgetuies moet nie in die teenwoordigheid van mekaar en van die *slagoffer* plaasvind nie. Tydens die konsultasie moet die moontlikheid om die verhoor agter geslote deure aan te hoor ook met die aanklaer bespreek word. Die dossier moet betyds aan die aanklaer verskaf word om hom of haar in staat te stel om vir beide die voor-verhoorvergadering, asook die verhoor voor te berei.

22. Bystaan van die slagoffer gedurende die hofverrigtinge

(1) Die *ondersoekbeampte* moet, op die dag van die verhoor of vroeër indien die *slagoffer* so versoek, afskrifte van die *slagoffer* se verklarings aan hom of haar oorhandig om deur te lees om sy of haar geheue te verfris.

(2) Die *ondersoekbeampte* moet, indien daar enige verslaggewers in die hof teenwoordig is, die *slagoffer* inlig dat sy of haar besonderhede, ingevolge artikel 335A of die Strafproseswet, 1977 (Wet No 51 van 1977), nie gepubliseer kan word tensy die voorsittende beampte dit gemagtig het nie en dat enige publikasie sonder sodanige magtiging op ‘n misdryf sal neerkom. Die *ondersoekbeampte* moet ook die *slagoffer* versoek om enige oortreding van hierdie artikel so gou as wat hy of sy daarvan bewus word, by die *ondersoekbeampte* aan te meld.

(3) Die *ondersoekbeampte* moet die hofverrigtinge en die moontlikheid van uitstel aan die *slagoffer* verduidelik. Die *ondersoekbeampte* moet die *slagoffer* aanmoedig om met die saak voort te gaan, ten spyte van enige vertragings in die afhandeling van die saak.

23. Staking van ‘n ondersoek

(1) Die bepalings van Staande Order (Algemeen) 325.2 moet, onderhewig aan subparagraaf (2), ten alle tye streng nagekom word wanneer ‘n dossier, wat ten opsigte van ‘n *seksuele misdryf* geopen is, afgesluit word.

(2) Die bevoegdheid om ‘n dossier af te sluit, wat deur Staande Order (Algemeen) 325.2 aan ‘n “adjudant-offisier” (nou “inspekteur”) verleen word, word hierby ingetrek sover dit ‘n dossier betref wat ten opsigte van ‘n *seksuele misdryf* geopen is. Slegs ‘n offisier met die rang van Kaptein of ‘n hoër rang, wat ‘n Stasiekommissaris is of in beheer is van die speurders by ‘n stasie of eenheid, mag so ‘n dossier afsluit in die omstandighede vermeld in Staande Order (Algemeen) 325.2.

(3) Indien ‘n Stasiekommissaris by ‘n polisiestasie nie die rang van Kaptein of ‘n hoër rang beklee nie, mag dossiere wat ten opsigte van *seksuele misdrywe* by daardie stasie geopen is, slegs afgesluit word in die omstandighede wat in Staande Order (Algemeen) 325.2 uiteengesit is, deur die Stasiekommissaris van die Rekenpligtige Stasie onder wie se beheer daardie stasie ressorteer of deur ‘n offisier wat vir daardie doel deur die Stasiekommissaris van die Rekenpligtige Stasie aangewys is.

(4) ‘n Offisier wat oorweeg of ‘n dossier wat ten opsigte van *seksuele misdrywe* geopen is, afgesluit moet word, omdat die verdagte of klaer nie opgespoor kan word nie, moet homself of haarself tevrede stel dat die *ondersoekbeampte* alle pogings aangewend het om die klaer of verdagte op te spoor. Indien die vermelde offisier nie tevrede is nie, moet hy of sy duidelik instruksies in die ondersoekdagboek aan die *ondersoekbeampte* gee oor die stappe wat gedoen moet word om die verdagte of klaer op te spoor en moet ‘n datum bepaal waarop die *ondersoekbeampte* die dossier moet voorlê met die uitslag van die stappe wat gedoen is.